GRAAD 4-7 AFRIKAANS HUISTAAL



Inleiding

Ons belangrikste doelwit is om ons leerders in staat te stel om hul huistaal doeltreffend en met selfvertroue vir verskillende doeleindes te gebruik. Die vermoë om gemaklik met taal om te gaan, vorm natuurlik ook die grondslag van alle leer. Om hierdie rede is dit vir ons in die Afrikaans departement, belangrik dat ons kinders daagliks die geleentheid kry om hul luister-, praat- , taalgebruik-, lees- en skryfvaardighede te oefen aan die hand van ‘n verskeidenheid tekstipes.

Wat behels Afrikaans?

In Afrikaans fokus ons daarop om leerders te help om die volgende vaardighede te bemeester:
-Luister (luister na instruksies, luister vir spesifieke inligting, luister na ander se menings, luister na demonstrasies van goeie lees- of praatpraktyke).

-Hardoplees (interpretasie van die teks, gebruik van gepaste hardopleesvaardighede soos intonasie, frasering, uitspraak, volume en tempo).

-Selfstandige lees vir begrip (kritiese lees, leesstrategieë soos vluglees en soeklees, herkenning van hoofidees en ondersteunende idees en woordbetekenisstrategieë, wat lei tot die beantwoording van vrae op verskillende kognitiewe vlakke).

-Praat (gebruik van gepaste Afrikaans vir ‘n spesifieke situasie, formulering van sinvolle argumente, aanbiedingsvaardighede).

-Taalstrukture- en konvensies in konteks(vaslegging van die basis van taalkunde).

-Skryf (kreatiewe en transaksionele tekste d.m.v. prosesskryf).

Tekstipes

Bogenoemde vaardighede word aan die hand van verskillende tekstipes ingeoefen. Die tekstipes wat gebruik word, is verhalende tekste, poësie, instruksionele tekste, dialoë / dramas, inligtingstekste en oorredende tekste.

Aangesien die aard van die teks in ‘n groot mate daarvoor verantwoordelik is om die leerders se belangstelling te prikkel en te behou, word daar moeite gedoen om voortdurend nuwe, interessante tekste te soek wat tot die leerders spreek. Humoristiese tekste word ook met groot vrug gebruik.

Storieboeke word ingespan om leerders se woordeskat uit te brei en om hul taalvaardighede te verbeter. Vanaf graad 4 – 6, lees die klas gereeld vir plesier – soms saam uit hul klasstorieboeke (3 titels per jaar) en soms alleen uit klasbiblioteekboeke uit. Graad 7 doen prosa op ‘n meer formele vlak, wat die skriftelike beantwoording van vrae insluit.

Addisionele blootstelling

Ons beste spellers in graad 6 en 7 neem jaarliks aan die ATKV-spelathon deel.

Tydens verryking word ‘n taal-relevante tema met die leerders behandel, bv. die werk van ‘n joernalis, advertensies, ens.

Elke tweede jaar neem ons aan die Roodepoortse Afrikaanse Kunsvereniging se kunswedstryd deel (voorgeskrewe poësie).

Daar word jaarliks ‘n bekende skrywer genooi om met die kinders te kom praat. In 2017 het Jaco Jacobs met ons kom gesels, terwyl Fanie Viljoen in 2018 die skool besoek het.



Daar word gereeld boekuitstallings gehou, waartydens leerders die geleentheid kry om boeke aan te koop.

Daar word moeite gedoen om die nuutste boeke vir die mediasentrum aan te koop en kinders aan te moedig om boeke uit te neem. Ons het in 2018 byna 300 kinders van graad 4 tot graad 7 wat by die mediasentrum aangesluit het.